# 1

Ek wil vir Jon 'n brief skryf, vannag nog. En dan sommer nog een vir die hele wêreld daar buite. Die slaap wil nie kom nie. O Here, tog, die nag gaan om wees voor ek kan doen wat ek wil doen. Miskien moet ek alles los vir môreaand. Nee! Nee, as jy eers begin uitstel . . . As Jon net hier kon wees. Maar dalk netsowel hy is nie. Ons kan nie meer kommunikeer nie. Hy hou hom op 'n afstand. Hy weet wat kom, dat hy vir hom iemand anders sal moet kry. Ek sal vir hom skryf, hom vertel hoe ek hom mis. En haat! Die donker maak my bang, maar stel my terselfdertyd gerus. Dis veilig hier, veilig genoeg om te doen wat ek moet.

"Madre de Dios!"

Ek ruk van die skrik. Dis heeldag se ding van daai donnerse Spanjaard in die tweede sel van hier af, roep tydig en ontydig klip-hard na die Moeder van God. Ek weet nie wat hy aangevang het om hom in hierdie tronk in Boksburg te laat beland nie – ek hou my uit die ander inmates se sake uit – maar die rumours is dat hy sy kind gaan vermoor het by sy vrou se graf. Dis fokken creepy op die beste van tye en vanaand is dit asof hy reg in my oor gil. Juis vanaand, terwyl ek nie kan ophou dink oor die dood nie. Mense sê mos die dood kom onverwags, oorval jou soos 'n dief in die nag. Nie vir my nie. Die doodsengel is alreeds hier, staan en wag voor my seldeur, genooi, nog net nie aangekondig nie.

Ek wens ek kon die lig aansit om vir oulaas na myself te kyk. Ná

alles wat gebeur het, wil ek net nog een maal sien hoe beautiful ek is. Probleem een: Hier's nie 'n spieël in die sel nie. Probleem twee: Die ligte is reeds af, gaan eers môreoggend weer aan. Dit voel of ek al vergeet het hoe ek lyk. Maar dalk is dit ook maar beter so. Om te kyk, om te sien, is om te lewe. En ek is dood, wel, so goed as.

Gaan ek die guts hê? Party dinge is eenvoudig makliker met 'n dop in die gat en sneeu in die are. Dis so maklik om iemand anders dood te maak. Dit gebeur sommer net. Voor jy jou oë uitvee, is dit gedoen. Tjoef-tjaf, oor en verby. Maar sal ek dit aan myself kan doen? Dit is die kak ding van die dood; dis so damn irreversible. Dit kan nooit weer tot die uitgewisse lewe rewind en oorgespeel word nie. Waar kom hierdie benoudheid in my so skielik vandaan? Ek was mos al daar, right, slam, bang in die middel van die dal van doodskaduwee. Fok, die nag ís donker. Hoe de donner wou ek daai brief skryf, anyway? Dankie tog dat ek Ma s'n deur die dag klaar geskryf het. Jon s'n sal kort wees, daar's eintlik niks meer om te sê nie.